basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**EKONOMIE VRAESTEL 1**

**JUNIE 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B - storting ✓✓
1.1.2 A - investering ✓✓
1.1.3 D - vraag- en aanbodkant ✓✓
1.1.4 C - ad valorem ✓✓
1.1.5 C - ekonomiese groei ✓✓
1.1.6 B - globalisering ✓✓
1.1.7 A - indiensnemingskoers/werkverskaffingskoers ✓✓
1.1.8 D - nywerheids- ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 E - Benadering van 'n land se sentrale bank om besteding in die ekonomie te beïnvloed ✓

1.2.2 I – Gedeelte van hul verbruikbare inkomste wat huishoudings spandeer ✓

1.2.3 A – Vergelyk uitvoerpryse met invoerpryse deur middel van indekse ✓

1.2.4 H – 'n Handelsbeleid om die vervaardiging van plaaslike produkte vir die uitvoermark te bevorder ✓

1.2.5 D – Koop en verkoop van owerheidsekuriteite om die geldvoorraad te beïnvloed ✓

1.2.6 G – Strategieë gebruik om produksie aan te moedig ✓

1.2.7 C – Verwydering van handelsbeperkings ✓

1.2.8 F – Meet hooflyninflasie ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Geld ✓
1.3.2 Resessie ✓
1.3.3 Beskerming ✓
1.3.4 Gelyke Indiensneming ✓
1.3.5 Fiskale ✓
1.3.6 Verstedeliking ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE lidlande van die BRICS handelsprotokol.**

- Brasilië ✓
- Rusland ✓
- Indië ✓
- Sjina ✓
- Suid-Afrika ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan indirekte subsidies die uitvoerprodusent bevoordeel?**

Die uivoerprodusent kan voordeel trek deur die ontvangs van:
- terugbetaling van invoertariewe ✓✓
- belastingrabatte (-afslag) / belastingkonsessies ✓✓
- produksiekoste sal daal / winste sal toeneem ✓✓
- verhoogde vermoë om mee te ding in buitelandse markte / stygende uitvoere
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die tendenslyn in die sakesiklus.**

K ✓ (1)

2.2.2 **Watter letter stel 'n trog in die diagram voor?**

D ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term sakesiklus.**

Opeenvolgende periodes van uitbreiding en inkrimping ✓ in ekonomiese aktiwiteite ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik ekonomiese aktiwiteit gedurende fase EF in die sakesiklus.**

- Ekonomie groei en verbeter vinnig ✓✓
- Meer besighede ontstaan en meer werkers word in diens geneem ✓✓
- Verhoogde vraag na krediet sal rentekoerse verhoog ✓✓
- Hoër vraag en hoër pryse vir kapitaalgoedere ✓✓
- Winste en salarisse styg ✓✓
- Hoër inflasie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoe kan die lengte (BF) in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word?**

- Omdat die lengte relatief konstant bly, kan jy voorsien dat die volgende siklus 'n soortgelyke lengte sal hê ✓✓
- As 'n sakesiklus 'n lengte van 12 jaar het, kan daar veronderstel word dat 12 jaar sal verbygaan tussen opeenvolgende pieke of trôe, of dat dit vir 'n ekonomie 6 jaar sal neem om deur 'n resessie te beweeg ✓✓
- Langer siklusse toon krag wat daarop dui dat die volgende siklus ook kragtig sal wees (of omgekeerd) ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die basisjaar wat tans deur die SARB hierbo gebruik word.**

2010 ✓ (1)

2.3.2 **Watter sektor dra die meeste tot die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika by?**

Tersiêre sektor ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf die term bruto waarde toegevoeg (BWT) teen konstante pryse kortliks.**

BBP waar die <u>uitwerking van inflasie</u> op die nominale BBP in berekening gebring is ✓ en die syfer verander deur die <u>indeks te defleer</u> ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Hoe word die BBP teen markpryse na BNP teen markpryse omgeskakel?**

BNP teen markprys is BBP @ markpryse plus primêre inkome van die res van die wêreld min primêre inkome aan die res van die wêreld / BBP plus die netto primêre inkome ✓✓ (2)

2.3.5 **Bereken die Bruto Binnelandse Produk teen markpryse (A). (Toon alle berekeninge)**

| | | |
|---|---|---|
| Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse: | | 2 794 601 |
| Plus: belasting | (+) | 30 600 ✓ |
| Min: Subsidies | (-) | 5 900 ✓ |
| **BBP teen markpryse** | | **2 819 301** ✓✓ |

**OF** **2 794 601 <u>+ 30 600</u>** ✓ **<u>– 5 900</u>** ✓ **= <u>2 819 301</u>** ✓✓ (4)

2.4 **Verduidelik kortliks die maatreëls om 'n tekort op die betalingsbalans te verminder.**

- Leen geld by die IMF ✓✓
- Invoervervanging sal invoere verminder as goedere nou self geproduseer word ✓✓
- Uitvoerbevordering sal lei tot 'n styging in totale aanbod en pryse sal verlaag. Uitvoere word bevorder deur goedkoper pryse ✓✓
- Hoër rentekoerse help om besteding op invoere te verlaag ✓✓
- 'n Styging in invoertariewe en beheer, alhoewel SA voldoen aan die beleide van die WHO om invoerbeheer te verminder (handelsliberalisering) ✓✓
- Wisselkoersbeheer laat sentrale banke toe om buitelandse valuta te beperk ✓✓
- Verminder buitelandse reserwes by SARB om tekorte goed te maak as daar 'n beheerde swewende wisselkoers aanvaar word ✓✓
- Verandering in wisselkoers soos depresiasie/devaluasie van die geldeenheid maak invoere duurder en uitvoere goedkoper na die buiteland (verhoog uitvoere) ✓✓
- Styging in belasting verminder verbruikbare inkome wat vraag na invoere verminder ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  (Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite / voorbeelde) (4 x 2) (8)

2.5 **Waarom behoort Suid-Afrika 'n beleid van vryhandel te volg?**

'n Beleid van vryhandel behoort gevolg te word omdat:

- dit <u>spesialisasie toelaat wat die koste per eenheid van 'n produk verlaag</u> (ekonomieë van skaal) ✓✓
- <u>verkope plaaslik en oorsee verbeter</u> wat lei tot verhoogde winste ✓✓
- 'n <u>verskeidenheid van goedere</u> verseker word wat die <u>keuse</u> van verbruikers vergroot en hul welvaart verhoog ✓✓
- <u>ekonomiese groei versnel wat groter spare en investering</u> bevorder ✓✓
- <u>ontwikkelende lande toegelaat word om voordeel te trek</u> uit <u>buitelandse kennis</u> wat nie in die binneland beskikbaar is nie ✓✓
- <u>groter doeltreffendheid bevorder word asook 'n beter produk en tegnologiese vordering</u> ✓✓
- <u>mededinging bevorder</u> word en die toekenning van <u>hulpbronne verbeter</u> ✓✓

(Ken 'n maksimum van <u>2 punte</u> toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (8)
**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Noem enige TWEE sosiale aanwysers.**

- Demografie ✓
- Voeding en gesondheid ✓
- Onderwys ✓
- Dienste ✓
- Behuising en verstedeliking ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Wat kan die owerheid doen gedurende 'n periode van resessie om die ekonomie te stimuleer?**

Die owerheid kan:

- 'n uitbreidende fiskale beleid toepas ✓✓
- belasting verminder / verlaag persoonlike inkomstebelasting ✓✓
- owerheidsbesteding verhoog ✓✓
- nuwe infrastruktuur verskaf ✓✓
- KMMO's en informele sektor aktiwiteite ondersteun ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Noem EEN voertuigvervaardiger wat produksie-aanlegte in Suid-Afrika het.**

- BMW ✓
- Ford ✓
- Volkswagen ✓ (1)

3.2.2 **Identifiseer EEN voordeel van voertuigproduksie-aanlegte wat in Suid-Afrika geleë is.**

- Gediversifiseerde vervaardiging ✓
- Ding mee in die wêreldekonomie ✓
- Versnel groei en ontwikkeling ✓
- Beleggingsgeleenthede ✓
- Geniet produksie-voordele ✓
- Lei tot handelsooreenkomste ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term vryhandelgebied**.

'n Vryhandelgebied is waar beperkings soos tariewe en kwotas verwyder is ✓✓ (2)

3.2.4 **Wat is die doelwit van die Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap?**

Bevorder sosio-ekonomiese samewerking en integrasie sowel as samewerking polities en veiligheid tussen Suidelike Afrika state ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoe kan die owerheid armoede in Suid-Afrika deur middel van die vervaardigingsektor aanpak?**

Die staat kan armoede aanpak deur:

- nywerheidsontwikkeling aan te moedig dmv effektiewe nywerheidsbeleide wat arbeidsintensiewe produksieprosesse aanmoedig ✓✓
- direkte en indirekte subsidies te betaal om die produksiekoste te beperk wat die eindverbruiker sal bevoordeel (laer pryse) ✓✓
- konsessies aan vervaardigers te betaal wat 'n bekostigbare eindprodukte sal verseker ✓✓
- aansporings te betaal wat meer diverse produksie sal verseker en wat die verbruiker 'n groter keuse bied ✓✓
- 'n positiewe beleggingsklimaat in hoofsaaklik arbeids-intensiewe produksieprosesse te skep ✓✓
- makro-ekonomiese beleide toe te pas wat verseker dat 'n groot komponent van die finale produk binnelands geproduseer moet word, wat meer werksgeleenthede bied en armoede verlig ✓✓
- ondersteuning van die oprigting van KMMO's ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 3.3 DATARESPONS

3.3.1 **Volgens die grafiek, wanneer was werkloosheid op sy hoogste vlak?**

Tweede kwartaal 2017 ✓ (1)

3.3.2 **Watter instelling het die werkloosheidsyfers saamgestel?**

StatsSA ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *werkloosheid.***

Werkloosheid verwys na daardie mense binne die ekonomies-aktiewe bevolking wat bereid en in staat is om te werk ✓ maar wat nie 'n werk kan kry nie ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Wat is die negatiewe impak van hoë werkloosheid op die jeug?**

- Dit beperk hul toekomstige groei en ontwikkeling ✓✓
- Dit sal hulle ontmoedig om hul studies voort te sit of om werk te soek ✓✓
- Dit sal hul menswaardigheid en algemene gesondheid beïnvloed ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan die owerheid werkloosheid in die ekonomie verminder?**

Die owerheid kan die vlak van werkloosheid verlaag deur:

- toepassing van vaardigheidsontwikkelingsprogramme wat beter vergoeding verseker wat vraag en produksie stimuleer ✓✓
- aansporing van sakegemeenskappe om jongmense te absorbeer en hulle van relevante opleiding en vaardighede te voorsien wat vereis word om die nuutste tegnologie te gebruik wat in produksieprosesse gebruik word ✓✓
- aansporings aan die jeug vir deelname aan die ekonomie deur belastingafslag en rabatte ✓✓
- verskaffing van werk deur die UOWP ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks demografie as sosiale aanwyser.**

- Die owerheid en sakesektor moet kennis dra van die grootte van die land se bevolking vir hul beplanning (bevolkingsgroei) ✓✓
- Owerhede moet weet watter infrastruktuur projekte en sosiale programme hul voorkeurbeleggings uitmaak ✓✓
- Owerhede en besighede moet kennis dra van die beskikbaarheid van arbeid en grootte van die bevolking in hul markte ✓✓
- Lande se bevolkings word getel met sensus wat gereeld gedoen word ✓✓
- Suid-Afrika se bevolking is 55 miljoen en sal by raming groei tot meer as daardie getal teen 2021✓✓
- Lewensverwagting druk die aantal jare wat 'n nuut gebore baba sal leef as die mortaliteitspatrone sal voortduur deur sy/haar lewe ✓✓
- Dis belangrik vir owerhede om te weet wat die gemiddelde lewensverwagting is omdat werkende mense 'n verskeidenheid sosiale dienste benodig terwyl hulle terselfdertyd die belastingbasis van die land vorm ✓✓
- Die Menslike Ontwikkelingsindeks is 'n aanwyser van menslike ontwikkeling waar die lewenstandaard, kwaliteit van gesondheidsorg en algemene onderwys standaard oorweeg word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)

3.5 **Hoe kan die monetêre beleid gebruik word om die ekonomie van Suid-Afrika te stimuleer?**

Die monetêre beleid word gebruik om **die ekonomie te stimuleer** deur:

- daling in rentekoerse, wat kredietskepping beïnvloed deurdat krediet goedkoper raak ✓✓
- stabilisering van die wisselkoerse deur kapitaalinvloei aan te moedig om die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans te neutraliseer ✓✓
- toepassing van opemarktransaksies waar kredietskepping aangemoedig word deur SARB deur aankope van sekuriteite in die opemark en geld as gevolg daarvan na die banksektor vloei ✓✓
- toepassing van morele oorreding waar die SARB met banke konsulteer en hulle aanmoedig om op 'n sekere wyse te reageer wat gunstig inwerk op die ekonomiese toestande in daardie tydstip ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van indirekte belasting.**

- Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) ✓
- Aksynsregte / sondebelasting ✓
- Doeanebelasting ✓
- Brandstofheffing ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Watter belangrike rol speel klein, mikro- en medium ondernemings (KMMO's) in die ekonomie?**

- Dit vereis en verbeter die besigheid se bestuursvaardighede ✓✓
- Help om die indiensnemingsbasis te verbreed ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Volgens die uittreksel, wat was die tekort in die betalingsbalans in 2016?**

R76 miljard ✓ (1)

4.2.2 **In die uittreksel, identifiseer die term wat die verskil tussen goedere-invoere en goedere-uitvoere bereken.**

Handelsbalans ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term betalingsbalans.**

'n Sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land en ander lande ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Wat is die belangrikheid van die saldo op die lopende rekening?**

Dit gee 'n aanduiding of 'n land binne sy vermoë leef (dui ‘n surplus of tekort aan) ✓✓ (2)

4.2.5 **Hoe kan 'n oorskot op die betalingsbalans die Suid-Afrikaanse ekonomie positief beïnvloed?**

Die surplus van die betalingsbalans kan die ekonomie positief beïnvloed deur:

- bereiking van die produksiepotensiaal van die land ✓✓
- opbouing van reserwes van die land as gevolg van ‘n surplus ✓✓
- groter infrastruktuur investering ✓✓
- verhoogde waarde van die rand ✓✓
- trek meer buitelandse direkte investering ✓✓
- verlaagde belastinglas a.g.v. minder geld wat geleen is om publieke skuld af te los ✓✓
- stimulering van ekonomiese groei en skepping van werk ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Watter deel van die noord/suidverdeling word deur die klein vissies in die spotprent verteenwoordig?**

Die Suide ✓ (1)

4.3.2 **Volgens die inligting hierbo, hoekom is buitelandse direkte investering (BDI) so belangrik vir ontwikkeling in lande?**

Dit is van die grootste belang om kennis te dra van 'n beter nywerheidsontwikkeling in ontwikkelende lande ✓ (1)

4.3.3 **Wat is die boodskap in die spotprent?**

Die Noorde – deur die ingryping van die WHO – bied finansiële hulp aan arm ontwikkelende lande, maar die suide bly skepties / bang vir wat die werklike rede is van die Noorde ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Hoe beïnvloed massaproduksie deur ontwikkelde lande die omgewing negatief?**

Hulle is hoofsaaklik verantwoordelik vir die skade aan die osoonlaag, besoedeling en storting van toksiese afval ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.3.5 **Hoe word ontwikkelende lande deur 'n tekort aan BDI benadeel?**

Ontwikkelende lande word benadeel deur:
- stadige ekonomiese groei ✓✓
- 'n gebrek aan groei of werksgeleenthede / hoë werkloosheid ✓✓
- geen verbetering in die gehalte van mense nie ✓✓
- 'n gebrek aan ekonomiese integrasie en ontwikkeling ✓✓
- oneffektiewe gebruik van beskikbare hulpbronne ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Onderskei tussen endogene- en eksogene benaderings tot sakesiklusse.**

| **Endogene benadering** | **Eksogene benadering** |
|---|---|
| Faktore wat ekonomie beïnvloed van binne die markstelsel ✓ | Faktore wat die ekonomie beïnvloed van buite die markstelsel ✓ |
| Markte is inherent onstabiel ✓ | Markte is inherent stabiel ✓ |
| Staatsinmenging is nodig ✓ | Owerheid moet nie inmeng nie ✓ |
| Ook bekend as die Keynesiaanse verduideliking ✓ | Ook bekend as die Monetariste se verduideliking ✓ |
| Die prysmeganisme gee aanleiding tot opswaaie en afswaaie ✓ | Monetariste glo dat 'n wanbalans veroorsaak word deur die verkeerde gebruik van beleide bv. monetêre beleid ✓ |
| Byvoorbeeld: verandering in patrone van verbruiksbesteding, investeringsbesteding (Maks 4) | By voorbeeld: natuurrampe / oorlog / terrorisme ✓ (Maks 4) |
| (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)<br>(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde) | |

(8)

4.5 **Hoe effektief is produktiwiteit as 'n ekonomiese aanwyser?**

Produktiwiteit as ekonomiese aanwyser is effektief deurdat:

- die gebruik van 'n produktiwiteitindeks die relatiewe verhouding tussen inset en uitset toon – hoe hoër die uitset in verhouding tot inset, hoe meer produktief is die ekonomiese eenheid ✓✓
- 'n meer produktiewe ekonomiese eenheid meer kompeterend is en 'n beter kans staan om winsgewend en suksesvol te raak ✓✓
- dwing produktiwiteit om tred te hou met 'n styging in arbeidskoste, of anders sal dit lei daartoe dat 'n land minder mededingend raak omdat dit lei tot duurder produksie ✓✓
- dit verskillende ekonomieë in verskillende stadiums van ontwikkeling illustreer waar 'n land moet fokus om meer mededingend te wees en produktief ✓✓
- fokus meer op hoër onderwys en opleiding ✓✓ 'n doeltreffende goedere- en arbeidsmark ✓✓ ontwikkeling van die finansiële mark ✓✓ en tegnologiese gereedheid in Suid-Afrika ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  (Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite / voorbeelde)

(8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek die makro-ekonomiese doelwitte van die staat. (26 punte)**
- **Hoe suksesvol was die Suid-Afrikaanse owerheid sover in die bereiking van sy makro-ekonomiese doelwitte? (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

Die owerheid verskaf goedere en dienste wat onder-voorsien word deur die mark, en speel dus 'n vername rol in regulering van ekonomiese aktiwiteite en rig en vorm van die ekonomie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Doelwitte:**

- **Ekonomiese groei** ✓
  - Verwys na 'n styging in die produksie van goedere en dienste ✓✓
  - Gemeet in terme van reële BBP ✓✓
  - Vir ekonomiese groei om plaas te vind moet die ekonomiese groeikoers hoër wees as die bevolkingsgroeikoers ✓✓
  - Groei en ontwikkeling in 'n land bevoordeel sy burgers omdat dit dikwels lei tot 'n hoër lewenstandaard ✓✓

- **Volle indiensneming** ✓
  - Wanneer alle persone wat wil werk en op soek is na werk 'n werk kry ✓✓
  - Hoë vlakke van indiensneming is die belangrikste ekonomiese doelwitte van die staat ✓✓
  - Die werkloosheidkoers het oor die afgelope paar jaar gestyg ✓✓
  - Informele sektor aktiwiteite moet aangemoedig word, want dis 'n gebied waar indiensneming toeneem ✓✓

- **Wisselkoersstabiliteit** ✓
  - Die ekonomie moet effektief bestuur word, en 'n effektiewe fiskale- en monetêre beleid moet gebruik word om die wisselkoers relatief stabiel te hou ✓✓
  - Depresiasie en appresiasie van die geldeenheid skep onsekerhede vir produsente en handelaars en moet beperk word ✓✓
  - SARB het die wisselkoers van 'n beheerde swewing na vryswewende wisselkoers verander ✓✓

- **Prysstabiliteit** ✓
  - 'n Stabiele prys veroorsaak beter resultate in terme van werkverskaffing en ekonomiese groei ✓✓
  - Die owerheid se inflasie-teiken is 3 – 6% en SARB was sover suksesvol om inflasie binne hierdie teiken te hou ✓✓
  - Rentekoerse gebaseer op die repokoers is die vernaamste instrument gebruik in die stabiliseringsbeleid ✓✓
  - 'n Stabiele begrotingstekort het ook 'n stabiliseringseffek op die inflasiekoers ✓✓

- **Ekonomiese gelykheid** ✓
  - Herverdeling van inkomste en welvaart is noodsaaklik om armoede te verminder ✓✓
  - Suid-Afrika gebruik 'n progressiewe inkomstebelastingstelsel – belasting op winste, belasting op rykdom, kapitaalwinsbelasting en belasting op besteding, word gebruik om gratis dienste te finansier ✓✓
  - Gratis sosiale dienste is basiese onderwys, primêre gesondheidsorg en finansiering van basiese ekonomiese dienste ✓✓
  - Kontanttoelaes aan armes/kwesbares byvoorbeeld kindertoelaes en toelaes vir gestremdheid ✓✓
  - Progressiewe belasting impliseer dat die hoër inkomste verdiener 'n hoër belasting betaal ✓✓ Maks (26)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

**INHOUD: ADDISIONELE DEEL**

- Antwoorde van kandidate kan positief of negatief wees
- Volg die argument en kyk of die kandidaat genoeg bewyse kan lewer om sy/haar antwoord te ondersteun

**Die owerheid is suksesvol in die bereiking van hierdie doelwitte deur:**
- verlaag werkloosheid deur die UOWP. Was dit nie vir hierdie program nie, sou die werkloosheidskoers baie hoër wees ✓✓
- in staat om die inflasiekoers binne die 3 – 6% teiken te hou ✓✓
- ekonomiese gelykheid het verbeter (SEB deur regstellende aksie, geslagsgelykheid) ✓✓
- SA funksioneer in 'n vry swewende wisselkoersstelsel wat in lyn is met internasionale verwysingspunte ('benchmark') ✓✓

**Die owerheid was nie suksesvol in die bereiking van sy doelwitte nie deur:**
- 'n voortdurende daling in ekonomiese groei. In die laaste 5 jaar was die gemiddelde reële bruto binnelandse produk groei onder 2% ✓✓
- stygende werkloosheidkoerse – 'n toename tot 27.7 in 2017 wat die hoogste was sedert 2009 ✓✓
- fluktuasies in die waarde van die rand – oor die afgelope 5 jaar het die rand baie geskommel teenoor die grootste geldeenhede van handelsvennote ✓✓
- SEB het slegs 'n paar individue bevoordeel a.g.v. korrupsie en wanvoorstelling gebruik as front ✓✓ (Enige 5 x 2) (Maks 10)

**SLOT**

Terwyl die owerheid 'n sekere mate van sukses bereik het, is die bereiking van sekere doelwitte belemmer deur faktore soos 'n gebrek aan rekenpligtigheid, korrupsie, begrotings, nepotisme en gebrek aan vaardigheid en kundigheid ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) Maks (2) **[40]**

## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- **Bespreek die volgende as Suid-Afrika se inisiatiewe in streeksontwikkeling volledig:**
  - **Spesiale Ekonomiese Sones (8)**
  - **Korridors (8)**
  - **Ruimtelike Ontwikkeling Inisiatiewe (10) (26 punte)**
- **Hoe effektief is Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide in terme van mededingendheid en goeie staatsbestuur? (10 punte) [40]**

### INLEIDING

Dis die bevordering van ekonomiese ontwikkeling in areas waar armoede, werkloosheid en inkomste ongelykheid hoër is met die doel van opheffing ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Maks (2)

### INHOUD: HOOFDEEL

### SPESIALE EKONOMIESE SONES (SES'e)

- Dit is geografiese gebiede in 'n land wat opsy gesit is vir spesifiek geoormerkte ekonomiese aktiwiteite ✓✓
- Hierdie aktiwiteite word ondersteun deur spesiale reëlings wat wette en ondersteuningstelsels mag insluit wat nywerheidsontwikkeling bevorder ✓✓
- Hulle is gerig op die uitbreiding van die vervaardigingsektor ✓✓
- Skep addisionele nywerheidspilpunte sodat die nasionale nywerheidsbasis streeks gediversifiseer sal wees ✓✓
- Hierdie gebiede mag aansporings geneig soos belastingverligting en ondersteuningstelsels om nywerheidsontwikkeling te bevorder ✓✓
- Daar word beplan om belasting tot 15% te verminder as aansporing om nuwe nywerhede te trek ✓✓
- Die doel met die skepping van SES'e is om:
  - Nuwe besighede te trek ✓
  - Besighede te trek wat 'n nuwe produklyne ontwikkel ✓
  - Besighede te trek wat hul omset vergroot ✓
- Die DHN het aangedui dat die bestaande NOS'e waar spesiale belastingaansporings nie geld nie, stelselmatig SES'e sal word ✓✓
- Dit skep 'n basis vir 'n breër verskeidenheid nywerheidsparke en verskaf ekonomiese infrastruktuur om indiensneming te bevorder ✓✓ (Maks 8)

### KORRIDORS

- Korridors in Suid-Afrika is ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele bied aan mynbou, vervaardiging en ander besighede ✓✓
- Die voordele sluit onder andere die bestaande infrastruktuur en spesialisering van produkte of dienste in ✓✓
- Hierdie korridors is ontwikkelingsgebiede binne Suid-Afrika en is die ontwikkelings-prioriteite van alle ontwikkelingsagentskappe ✓✓
- Die DHN verskaf hulp deur die ondersteuning van die ontwikkelings-korridors ✓✓
- Die Maputo korridor, wat in Gauteng begin en strek deur Mpumalanga na die Maputo hawe, bied geleentheid vir die vervoerindustrie; die Phalaborwa sub-korridor in die Limpopo Provinsie bied geleenthede vir mynbou en verwante aktiwiteite ✓✓ (Maks 8)

**RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSINISIATIEWE (ROI's)**

- Dis 'n gebied waar hoë vlakke van werkloosheid en armoede geïdentifiseer is deur die owerheid in 'n gekoördineerde poging om die ekonomiese potensiaal van die gebied te ontwikkel ✓✓
- Die gebied wat as ROI gekies word moet onderontwikkeld wees maar die potensiaal hê vir volhoubare groei ✓✓
- Die ontwikkeling fokus op hoë vlak ondersteuning in gebiede waar sosio-ekonomiese toestande gekonsentreerde owerheidsbystand benodig ✓✓
- Hierdie inisiatiewe help om ekonomiese aktiwiteite gelyk oor die land te versprei ✓✓
- Alle investering is gebaseer op publieke-private vennootskappe ✓✓
- Dit is 'n owerheidstrategie van investering wat die departement van handel en nywerheid (DHN) en vervoer (DvV) insluit ✓✓
- Dit fokus op owerheidsbetrokkenheid op nasionale, provinsiale en plaaslike owerheidsvlakke om te verseker dat investering voorkeur geniet ✓✓ en dat maksimum sinergie tussen die verskillende soorte beleggings bestaan ✓✓
- Hierdie projekte sal na verwagting nuwe werksgeleenthede skep in die toekoms ✓✓
- Die sukses van hierdie projekte is afhanklik van 'n sterk geneigdheid tot internasionale mededingendheid, streeks samewerking en 'n meer gediversifiseerde eienaarskap basis ✓✓ (Maks 10)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

**ADDISIONELE DEEL**

**Die staat kan verseker dat Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide met internasionale beste praktyk ooreenstem deur:**

- effektiewe bestuur-strategieë vry van korrupsie daar te stel ✓✓
- effektiewe integrasie tussen verskillende areas deur middel van oorspoelvoordele na ander nywerhede ✓✓
- bou van vennootskappe tussen sentrale owerheid, plaaslike owerhede, plaaslike gemeenskappe en spesiale belange groepe en die privaatsektor ✓✓
- verskaffing van voldoende hulpbronne in hulpbron-arm areas bv. Infrastruktuur ✓✓
- die vestiging van mededingende besighede wat nie volgehoue finansiële hulp van die owerheid verlang nie ✓✓
- mense uit die streek te betrek by opleiding, onderwys, verbeterde produktiwiteit en verskaffing van noodsaaklike goedere en dienste aan die streek ✓✓
- te fokus op kwessies op voetsoolvlak, wat verseker dat ontwikkeling van onder af begin ✓✓
- te fokus op totale ontwikkeling wat alle aspekte van die menslike lewe insluit bv. onderwys, gesondheid en voeding ✓✓ (Maks 10)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord)
(Punte moet toegeken word as ontwikkelingsbeleide nie ooreenstem met internasionale maatstawwe nie)

**SLOT**

Ekonomiese desentralisering sal waarborg dat groter klem in die ontwikkeling van die land asook komprehensiewe gebruik van hulpbronne wat effektief gebruik word vir die verbetering van die welsyn van die land, geplaas word ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde antwoord) (Maks 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou